Rugby 2025
JUBAWENI

Ons streef na persoonlike, professionele kwaliteit afrigting. 'n Minimum van 4 kompeterende wedstryde word gewaarborg.

Afrigting geskied onder leiding van Jaco Snyman (Blou Bulle) en Ben Marais - en sy span professionele afrigters.

KOMPONENTE WAT TYDENS DIE KAMP AANGESPREEK SAL WORD:

- Inoefening van tegniek & basiese vaardighede
- Spel vanaf die fasette
- Spel tussen die fasette
- Patroon inoefening
- Spel ontleding
- Opleiding van afrigters
- Reëlbespreking met afrigters & spelers
- Spanbou & lewensvaardighede
- Wedstryde & voorbereiding
- Spesifiek posisionele afrigting
- Skrummasjien beskikbaar
- Akkommodasie vir ouers beskikbaar op Jubaweni en in omgewing
- Rugbytruie kan gewas word

24h AMBULANS EN MEDICS OP TERREIN

Jubaweni is ongeveer 150km vanaf Pretoria en 30km oos van die Kranskop tolhek by Nylstroom (Modimolle) in die Limpopo Provinsie geleë. Jubaweni is 'n wildsplaas met tipiese bosveldplantegroei, meeste bokspesies, zebras, kameelperde en vele meer. Beleef 'n kursus en vierdag avontuur soos nog nooit tevore. Spelers bly in 24 bed chalets - elkeen met hul eie badkamer terwyl afrigters ontspan in gemaklike aparte kamp met 4 of 6 bed chalets ook met eie badkamers. Die verblyf sluit DStv, Jacuzzi en 'n lekker kuierplek rondom die bosveldvuur in.

As spanne nie speel of oefen nie word hul deur die Jubaweni-fasiliteerders en chaperones met die volgende spanbou aktiwiteite besig gehou: Hindernisbaan, literiabaan, foefieslide, snoekertafels, wildsritte en nog vele meer.

Aktiwiteite vir afrigters sluit in: 'sundowners' op koppie, snoekerkompetisies, wildsritte, 'n kleiduifskiet kompetisie en Dstv in 'n aparte lapa.

Altus Joubert:
082 551 5761
Fax-to-email:
086 271 7031
E-pos:
altus@jubaweni.co.za
Website: www.jubaweni.co.za

JUBAWENI SPOG MET:
Opgegradeerde sportfasiliteite wat 5 Rugbyvelde, 6 weervaste Netbalbane en 8 Krieketvelde (turfblaaie) insluit. Dan ook 'n 20m x 10m swembad met 'n waterglybaan/supertube.

Die kostes beloop **R2100.00 per speler (o/11 & o/13)** en **R1850.00 per speler (o/9 & o/10)** en **R1950.00 per speler (Rugby Fees)** met 1 x Afrigter per span gratis. Indien die skool meer afrigters will stuur op die kursus, beloop die kostes dieselfde as die seuns se kostes per addisionele afrigter. 'n Afrigter moet as skeidsregter optree en sal vergoed word deur Jubaweni teen R150 per wedstryd. Slegs 24 spelers per span word toegelaat. Kostes sluit alle etes, akkommodasie, wedstryde, noodhulp, en afrigting in.
Bring eie chaperones GRATIS wat toesig hou oor jul seuns.
'n Deposito van R1000.00 per span bevestig bespreking. Betaal asseblief die deposito in die volgende rekening (Kostes sluit BTW in):
ALLE DEPOSITO'S BETAALBAAR IN JAN 2025!

BETAALBAAR AAN:
Ruimte Wildsplaas h/a Jubaweni
BANK: FNB
REK NO: 6232 9434 071
TAKKODE: 250-655 (Hatfield)
VERWYSING: Skoolnaam + Rugby
BTW NO: 4220 2669 12

KLINIEK 1: 20 - 23 Mrt 2025 (o/11 + o/13)
2: 25 - 27 Mrt 2025 (o/9 + o/10)
3: 28 - 30 Mrt 2025 (o/9 + o/10)
4: 31 Mrt - 3 Apr 2025 (o/11 + o/13)
RUGBY FEES: 4 - 6 Apr 2025 (o/11 + o/13) Slegs Wedstryde